

Agra/Hartebeestloop Boeredag

“BACKGROUNDING”

KALWERS REG “IN” REG “UIT”

Volhoubare Landbou.

- Volhoubare landbou is beskermend teenoor die omgewing, ekologies gesond, ekonomies lewensvatbaar en sosiaal verantwoordelik.
- Hierdie proses is veronderstel om tot voordeel van die mensdom te wees. Die netto voordeel wat ons gaan ervaar sal afhang van verskillende landbou beleide, eiendomsreg, markmeganismes se werking en gaan gedomineer word deur die ekonomiese en sosiale motiewe van mense.
- Dit is dus logies dat ons n goed deurdagte visie moet kommunikeer en bemark.

Waardeketting.

- Kom ons begin by die verbruiker.
- Verbruiker, - kleinhandel,- groothandel,- ontbeningsfabriek,- slagpale,- voerkraal of veldafroning, - “backgrounding”, - speenkalfprodusent,- stoetboerdery.
- Tussenin is daar klomp logistiek.
- Indien enige van hierdie partye vir te lank nie ekonomies lewensvatbaar is nie, gaan iemand in die waardeketting uittree sodat daar weer balans gevind kan word of skakels in die ketting saamvoeg om sinergie te bewerkstelig en/of koste te verlaag.

“Backgrounding” oftewel ñ “Ekstensiewe Voerkraal”.

- Die koste van grond en beeste is die grootste uitgawe.
- Besikbaarheid en prys van diere is onderhewig aan seisonale variasie. Daar is dikwels min verband tussen aankoopprys van speenkalwers (220kg), verkoopprijs van kalwers wat “ge-background” is(290kg) en die karkasprys van die finaal klaar gevoerde bees(270kg karkas).
- 66% van die risiko in die bedryf is opgesluit in die aankoop- en verkoopprijs van die beeste.

Strategiese redes vir “backgounding”- Vanuit die Voerkraal se oogpunt.(1)

- Verminder beesvoorraad onsekerheid.
- Stabiliseer die voorraadvloei.
- Minimiseer die aankoopprys deur te konsentreer op volop tye.
- Spekulatiewe winste is moontlik deur groot prysspronge te antisipeer.
- Kan moontlik die aankoopkoste verminder deur die toevoeging van massa teen 'n koste laer as die waarde daarvan.
- Wat is die hoogste vergoeding wat aan 'n medewerker wat “backgounding” doen betaal kan word?
- Korter periode in die voerkraal tot finale massa en dus groter deurset.
- Hoër karkasmassa.
- Laer morbiditeit en mortaliteit omdat kalf nie aan speenskok ly nie.

Strategiese redes vir “backgrounding”-Vanuit die Voerkraal se oogpunt.(2)

- Positiewe of negatiewe prysmarge. Positiewe prysmarge beteken die kalf per kilogram kos minder as die verkoopprijs van die klaar gevoerde bees, of klaar “ge-backgrounde” bees. Negatief is natuurlik andersom. Die speenkalf se prys/kg is hoër as die slagprijs of klaar “gebackgrounde” bees. Werk in albei gevalle met lewendige of geslagte massa. Die formule vir slagpersentasie is: $Y = 35.865 + 0.051x$
- Positiewe of negatiewe voermarge. Positiewe voermarge beteken die koste van die voer om n kilogram aan te sit is minder as die prys van die kilogram massa aangesit. Negatief is natuurlik andersom.
- Koste van massa toename. Verwys na die koste van toename terwyl die kalf in die “background” periode is.

Produksie en Finansiële Vergelyking.(Voor rente)

	SPEEN- L	SPEEN- K	VELD- L	VELD- K	V/KRAAL- L	V/KRAAL- K
BEGINMASSA	220	103.587	220	103.587	290	146.90
EINDMASSA	430	248.5	290	146.587	450	264.6
DAE	143		140		106	
GDT(KG/DAG)	1.5		0.5		1.6	
VOV	5.5	7.5			5.7	7.8
VERK-PRYS/KG	\$23.52	\$40	\$24	\$47.48	\$23.52	\$40
AANK-PRYS/KG	\$26	\$55.22	\$26	\$55.22	\$24	\$47.48
VOERPRYS/T	\$2200				\$2200	
V/KOSTE/KG	\$12.10	\$16.50	\$692/KALF		\$12.54	\$17.16
T/ VOERKOSTE KALFPRYS	\$2541 \$5720		\$692/KALF \$5720		\$2006.40 \$6960	
T/KOSTE	\$8261		\$6412		\$8966.40	
INK/KALF	\$9940		\$6960		\$10584	
MARGE/KALF	\$1679		\$548		\$1618 \$2166.	

Veranderlikes.(1)

Daar is verskeie veranderlikes wat die winsgewendheid van “backgrounding bepaal:

- Groei in die veldfase.
- Voeromsettingsverhouding van die klaar “ge-backgrounde” beeste in die voerkraal.
- Voerprys. (voer:vleisprysverhouding) en die koste van weiding en die bestuur daarvan. Indien die voermarge hoog is wil krale die beeste so lank moontlik voer. Indien die voermarge klein is wil hulle die voerperiode verkort, die pryspremie verlaag en ook swaar kalwers koop. Backgrounding werk dan goed.
- Rentekoerse. Indien die addisionele 140 dae se rente ingereken word by die vorige voorbeeld, werk die som nie vir die voerkraal nie. Dit gee aanleiding tot n verlies van \$61/bees. Dit werk wel vir die “backgrounder”. Hy kry \$548/kalf en ook \$692/kalf as rendement vir sy plaas. (\$3000/ha @ 4ha per kalf teen 15% oor 140 dae)
- Pryspremie wat vir kalwers betaal word. Dit sluit in ook die per kilogram prys verskil tussen die 220 kg kalf en die 290kg kalf.

Veranderlikes (2)

- Die verskil tussen die per kilogram pryse van 220kg kalwers en 290kg kalwers is ter sake. Backgrounding is 'n tipe besigheid. Die mark bepaal die prys van albei kategorieë. As die prys vernou na \$1/kg maak die persoon wat background baie geld.
- Die “koste van toename” op die veld is baie belangrik. Die \$692 per kalf gedurende die backgroundperiode is bereken teen 'n plaas wat \$3000/ha kos en 4ha per kalf benodig en verder 15% opbrengs moet lewer. Die maasatoename is 0.5kg per dag (70 kg in 140 dae) oftewel \$9.88 per kilogram toename. Die rendement wat van die plaas verwag word is ter sake. Hierdie koste in die voorbeeld is dieselfde as om grond te huur teen \$173/ha.

Gevolgtrekkings.

- Die winsgewendheid van “backgrounding” word net so direk deur die lewendehawe mark van verskillende tipes beeste en massaklasse beïnvloed soos wat dit vir intensiewe voerkrale is.
- Die “koste van toename” moet goedkoper wees as wat dit vir n intensiewe voerkraal is om suksesvol te wees.
- Deur te “background” word groter finale massas behaal en dus swaarder karkasse.
- Die regte tipe bees moet aangekoop word. Die hoër karkas massa maak van beide die “background” boer en die intensiewe voerkraal wenners.
- Daar bestaan sinergie tussen voerkrale en backgrounding. Wees in albei.